## TIEN JAAR HISTORIESE GENOOTSKAP

Waar die Historiese Genootskap van Suid-Afrika vanjaar tien jaar oud is, is dit miskien die geleë tyd om te besin oor die verlede sowel as die toekoms van hierdie liggaam.

Toe die Historiese Genootskap in 1955 gestig is, was daar heelwat geesdrif, soos geblyk het uit die belangstelling tydens die stigtingsvergadering aan die Universiteit van Pretoria op 24 Maart 1955 en die nog groter belangstelling op die vergadering wat dit voorafgegaan het in die Pretoriase stadhuis op 11 Februarie 1955. Geesdrif, maar by sommige was daar seker ook bedenkinge: sal die geesdrif voortduur? Sal die Genootskap stand kan hou? Gedagtig aan die hoë sterftesyfer van dergelike verenigings, sou mens destyds seker niemand kon kwalik neem, as hy nie te optimisties oor die toekoms van die Genootskap was nie. As 'n mens nou terugkyk, dan is dit inderdaad waar dat baie van die geesdrif nie standgehou het nie, en miskien het die Genootskap nie heeltemal na verwagting uitgegroei nie. Maar aan die ander kant, het dit tog 'n lewenskragtigheid getoon wat 'n mens met 'n mate van tevredenheid kan laat terugsien op die afgelope tien jaar.

Op persoonlike vlak word met erkentlikheid gedink aan die persone wat die Genootskap op een of ander terrein gedurende 'n sekere tydperk gedien het en toe om een of ander rede weer uitgetree het en die taak aan ander oorhandig het. Nog groter is die erkentlikheid teenoor die persone wat tans nog diens aan die Genootskap lewer. Daar is van hulle wat van die begin af pal een of ander funksie vervul. Ook die welwillendheid en daadwerklike steun van owerhede en beskermhere, word met dankbaarheid gedenk. Dan word ook met besondere piëteit gedink aan die medewerkers wat intussen oorlede is. Ons weerhou ons daarvan om name te noem; die name berus egter in die argiefstukke van die Genootskap en sal nie in vergetelheid verval nie.

Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, is gebore uit die oortuiging dat kennis van die Geskiedenis onontbeerlik is vir die indiwidu sowel as vir die volk. Dit is ook gebore uit 'n besorgdheid oor die stand van historiese kennis in skool, op universiteit en kollege en in die samelewing. Daardie oortuiging en daardie besorgdheid is nog daar. Daarom kan die Historiese Genootskap sy taak nooit as afgehandel beskou nie.

Sedert sy stigting op 24 Maart 1955 het die Historiese Genootskap so uitgebrei dat daar vandag afdelings daarvan in al vier die provinsies van die Republiek en ook in Suidwes-Afrika bestaan. Met die eerste vyf kongresse of jaarvergaderings, is getrag om die byeenkomste 'n landswye betekenis te gee. Hoewel daar altyd afgevaardigdes van ander provinsies ook was, het dit egter meer 'n Transvaalse karakter gehad. Gevolglik is in 1960 daartoe oorgegaan om die Genootskap meer op 'n federale basis te organiseer. Sedertdien vind ons dan ook dat die verskillende provinsiale afdelings elke jaar 'n eie kongres of byeenkoms reël, terwyl die federale hoofbestuur ten minste eenmaal per jaar vergader.



*Bestuur van die Transvaalse Afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Agter (van links na regs): Prof. F. J. du T. Spies, mnr. W. A. Stals, dr. T. S. van Rooyen, mnre. J. H. Dippenaar, P. van Zyl en P. J. Venter. Voor: Prof. J. S. du Plessis, dr. J. J. van Tonder, prof. A. N. Pelzer en mnr. R. Maree.*



*Bestuur van die Kaapse Afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Agter (van links na regs): Mnre. E. L. P. Stals, P. H. du Preez en P. le Grange. Voor: Ds. A. P. Smit (voors.) en mnr. J. J. Smit (sekr.).*

Volgens sy grondwet stel die Historiese Genootskap van Suid-Afrika hom ten doel die bevordering van die Historiese Wetenskap en veral van die Vaderlandse Geskiedenis. Ten einde dit te verwesenlik is toe besluit om 'n historiese tydskrif uit te gee, publikasies van historiese aard te bevorder, historiese dokumente te versamel, historiese museums te ondersteun en die studie van Geskiedenis in die verskillende onderwysinrigtings aan te moedig en te bevorder. Hoeveel in die verskillende rigtings bereik is, kan hier nie bespreek word nie. Ons glo wel dat die Historiese Genootskap 'n faktor van belang is vir die bevordering van Geskiedenis en dat dit beslis help om die belangstelling te stimuleer.

Wat die toekoms betref, sal 'n mate van herhaling onvermydelik wees. Ons glo dat die metodes wat aangewend word, goed is en dat volharding daarmee noodsaaklik is. Elke jaar word 'n nuwe geslag ryp vir historiese bewuswording en steeds moet die belangstelling ge-aktiveer word. Wat nodig is, is dat historiese belangstelling op wye terrein in die alledaagse lewe ingebring word en nie net vir die klaskamer en die geskiedenisles of -lesing gereserveerd word nie.

In elke dorp of distrik is daar persone wat belangstel in die geskiedenis van hulle omgewing. Sulke persone moet gewys word op die moontlikhede



*Bestuur van die Natalse Afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Agter (van links na regs): Mnr. I. Adendorf, ds. A. J. van Wyk, mnr. B. Leverton en ds. J. Pretorius. Voor: Prof. G. S. Nienaber (voors.), mnr. G. A. Chadwick (onder-voors.) en mnr. A. P. Venter (sekr.).*

wat hulle belangstellingveld bied, bv. die neem van foto's van 'n historiese gebou of terrein, die versameling van ou familie- en ander foto's met behoorlike byskrifte vir sover moontlik, die optekening van herinneringe en so meer. In die tyd van elektroniese hulpmiddels bied die vaslê van klankbeelde veral interessante moontlikhede. Persone moet bewus gemaak word van die voortdurende verandering wat daar op elke terrein is en die feit dat wat vandag alledaags is, môre geskiedenis sal wees.

Ook moet daarna gestreef word om die talle organisasies wat orals aangetref word, meer histories te rig. Ons dink aan die Voortrekkers, Boy Scouts, Rapportryers, Rotariërs, toer- en reisverenigings, filmklubs, kultuurverenigings en so meer. Selfs die komitees vir die reëling van Geloftefeeste en ander herdenkings, kan aangemoedig word om iets meer tasbaars tot stand te bring as net die reëling van byeenkomste. Ook plaaslike liggame soos stadsrade, skoolrade, kerkrade, takke van politieke partye ens., moet aangemoedig word om meer sin te ontwikkel vir die bewaring, instandhouding en opberging van hulle argiewe.

Dit is egter noodsaaklik dat al sulke moontlike aktiwiteite gekoördineer word, en dit is hier waar die Historiese Genootskap en *Historia* 'n belangrike funksie kan vervul.